# Spoorminerale:
## Rol in vrugbaarheid van herkouers

*Deur: Dr. Brian Kernick, Feedtek*



Moderne veeboerdery stel hoë eise aan die vrugbaarheid van teeldiere, hetsy skape, vleisbeeste of melkkoeie. Die getal gesonde kalwers of lammers, gebore per vroulike dier aangehou, bepaal tot 'n groot mate die winsgewendheid van die onderneming. Voeding speel 'n sleutel rol in die handhawing van vrugbaarheid. Die voorsiening van die korrekte hoeveelheid proteïen en energie tydens paring, dragtigheid en laktasie, asook vir die uitgroei van verse of jongooie, is noodsaaklik vir maksimale vrugbaarheid. Herkouers het egter ook 'n behoefte aan minerale, spoorminerale en vitamiene om doeltreffend te produseer en reproduseer.

**"Beeste and skape benodig minstens sewe verskillende spoorminerale naamlik: kobalt, koper, jodium, yster, mangaan, selenium en sink"**

### Rol van spoorminerale

Beeste and skape benodig minstens sewe verskillende spoorminerale naamlik: kobalt, koper, jodium, yster, mangaan, selenium en sink. Hierdie spoorminerale speel 'n rol in feitlik alle biochemiese prosesse in die dier en het dus 'n belangrike uitwerking op gesondheid en produksie. Ernstige tekorte aan spoorminerale, wat tot kliniese simptome lei, kom selde in die praktyk voor. Marginale of subkliniese tekorte kom egter meer gereeld voor en kan produksie en reproduksie ernstig benadeel. Al sewe van die essensiële spoorminerale is betrokke by verskeie reproduksie funksies en subkliniese tekorte kan aanleiding gee tot 'n verskeidenheid reproduksie-verwante probleme. Sommige van hierdie tekortsimptome word in Tabel 1 aangedui.

**Tabel 1. Tekort simptome van spoorminerale by herkouers**

| Spoormineraal | Tekort simptome |
|---|---|
| Kobalt | Verlaagde melkproduksie, verlaagde besetting, kalf / lam mortaliteit |
| Koper | Verlaagde besetting, embrio afsterwing, vassit van plasenta, verlaagde semen gehalte |
| Jodium | Lae besetting, aborsies, onderdrukking van oestrus, stilgeboortes |
| Yster | Verlaagde besetting, aborsies |
| Mangaan | Onderdrukking van oestrus, verlaagde besetting |
| Selenium | Aborsies, swak kalwers / lammers, onderdrukking van oestrus, vassit van plasenta, swak semen gehalte |
| Sink | Vertraagde oestrus, swak semen gehalte |

Hieruit kan afgelei word dat selfs marginale spoormineraal tekorte vermy moet word om maksimale vrugbaarheid te verseker. Weidings, ruvoere en baie grane en konsentrate bevat nie voldoende spoorminerale om aan veral

produserende diere se behoeftes te voldoen nie en die aanvulling daarvan is noodsaaklik om te verhoed dat vrugbaarheid afneem.



## Komplekse interaksies

Die aanvulling van spoorminerale is egter ingewikkeld as gevolg van kompliserende faktore soos die beskikbaarheid van spoorminerale uit voerbronne, sowel as antagonistiese effekte tussen beide verskillende spoorminerale, sowel as ander komponente van die voer, wat die opneembaarheid van spoorminerale kan inhibeer. Hoë vlakke swael, molibdeen of yster in die dieët kan byvoorbeeld die opneembaarheid van koper ernstig benadeel, wat kan lei tot ‘n koper tekort. Sommige van die spoorminerale, byvoorbeeld koper en selenium, is ook toksies indien in oormaat ingeneem word. Oormatige koper word deur die lewer opgeneem totdat dit ‘n vlak bereik wat skadelik is en tot grootskaalse vrektes kan lei. Skape is veral baie sensitief vir kopervergiftiging. Die aanvulling van spoorminerale moet dus baie oordeelkundig gedoen word.

## Oordeelkundige aanvulling

Die mees geskikte manier om spoorminerale aan te vul onder ekstensiewe toestande, is om dit as deel van gebalanseerde lek aanvullings in te sluit. Die Feedtek reeks makrovoormengsels maak goeie voorsiening hiervoor. Vir diere op droë veldweiding kan Veldgrazer 128 *(Reg. no. V30941)* of Econograzer 213 *(Reg. no. V30942)* gebruik word om verskeie lekke te meng met plaaslik geproduseerde grane en roumateriale. Op groen veld of aangeplante weidings word Greengrazer 126 *(Reg. no. V16145)* of Greengrazer Premix *(Reg. no. V30939)* aanbeveel. Hierdie produkte bevat almal die volle reeks essensiële spoorminerale teen die korrekte vlakke en in die regte verhoudings, tesame met die nodige makrominerale soos kalsium, fosfor, swael en magnesium.



Vir melkkoeie, is die voorsiening van spoorminerale krities en enige tekorte manifesteer gou in die vorm van lae besettings en ander vrugbaarheidsprobleme. Feedtek Milkmaker 59 *(Reg. no. V16142)* en Milkmaker 72 *(Reg. no. V16143)* is onderskeidelik geskik vir melkkoeie op aangeplante weiding en ruvoer- of kuilvoer gebaseerde rantsoene. Hierdie voormengsels word aangewend om of volvoere of kragvoere te vermeng om al die nodige minerale en spoorminerale te voorsien wat deur die melkkoei benodig word.

Feedtek Trace Block *(Reg. no. V16339)* is ‘n gerieflike manier om bykomstige spoorminerale aan te vul vir enige diere om spoormineraal tekorte te voorkom. Die Trace Block bevat die nodige spoorminerale en word as ‘n vrye-keuse lek aan diere verskaf. ‘n Verdere voordeel van die Trace Block is dat ‘n gedeelte van die spoorminerale in organiese vorm ingesluit is, wat die beskikbaarheid daarvan verhoog.

Gemeet teen die moontlike verliese wat verwag kan word in terme van verlaagde vrugbaarheid wanneer daar ‘n tekort van spoorminerale voorkom, kan die veeboer nie bekostig om hierdie belangrike voedingstowwe te ignoreer nie!

Die Feedtek reeks sluit konsentrate in vir alle plaasdiere insluitend kleinvee, vleisbeeste, suiwel, varke, pluimvee, wild en konyne. Tuismeng van veevoere was nog nooit so maklik nie!

**Vir meer inligting en voorbeelde van lekke en veevoer formulasies, kontak u naaste Feedtek verteenwoordiger, besoek ons webtuiste by www.feedtek.co.za of kontak ons by 086 111 5362**